



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

NOVEMBER 2013

VRYSTAAT

PUNTE: 120

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 26 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING


1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings.

AFDELING A:	Leesbegrip	VRAAG 1	(30)
AFDELING B:	Opsomming	VRAAG 2	(10)
AFDELING C:	Taal	VRAAG 3–6	(60)
AFDELING D:	Letterkunde	VRAAG 7–10	(20)

2. Lees die instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
8. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1****TEKS A: TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die tydskrifartikel hieronder en beantwoord die vrae.

TAFELBERG

- 1 Tafelberg is in 2012 as een van die nuwe Sewe Wonders van die Wêreld aangewys. Miljoene mense reg oor die wêreld kon stem vir die plekke wat as nuwe wonders beskou word.
- 2 Pragtige ou Tafelberg troon bo Kaapstad uit. Die berg word Tafelberg genoem omdat die kruin van die berg so plat soos 'n tafel is.
- 3 Maclear se baken is die hoogste punt op Tafelberg. Dit is 1 085 m bo seevlak. As 'n mens bo-op die berg is, kan jy ook die ander bakens sien: Duiwelspiek aan die een kant en Leeukop aan die ander kant.
- 4 Soms hang daar 'n dik, wit wolk oor die berg wat dit laat lyk asof daar 'n "tafeldoek" oor die berg is. Volgens 'n legende het hierdie wit wolk ontstaan toe die duivel en Jan van Hunks 'n pyprook-kompetisie gehou het.
- 5 Besoekers kom van oral om na Tafelberg se pragtige natuurskoon te kyk. 'n Mens kan met die kabelkarretjie tot bo-op die berg ry. Die heel eerste kabelkarretjie het op 4 Oktober 1929 begin werk. Vir balans móét daar twee kabelkarretjies gelyktydig loop. Terwyl die een opgaan, gaan die ander een af.
- 6 Vir die mense wat bang is vir die kabelkarretjies, is daar verskeie klim- en staproetes wat 'n mens kan volg om bo-op die berg te kom. Stappers moet altyd die weer dophou, want dit kan skielik verander. Hulle word ook gewaarsku om nie alleen te stap of van die vaste wandelpaaie af te dwaal nie. Daar het al mense op Tafelberg verongeluk.
- 7 Daar is ongeveer 2 200 plantsoorte op Tafelberg. Hierdie plante vorm deel van die beskermde Kaapse Blommegebied.
- 8 Jare gelede was daar leeus op Tafelberg, maar die laaste leeu is in 1802 op die berg gesien. Dassies kom die meeste op die berg voor. Hulle bly in groepe saam. Een dassie uit 'n groep word as 'n wag gebruik om die groep teen vyande te waarsku.
- 9 Daar is 22 slangsoorte op die berg. Vyf van hierdie slangsoorte is giftig, bv. die Kaapse kobra. Die Tafelbergse spookpadda is baie skaars. Dit kom veral teen die suidelike en oostelike hange van die berg voor.
- 10 Tafelberg vorm deel van 'n Wêrelderfenisgebied. Die beste tyd van die jaar om die berg te besoek, is in die warmer maande, Oktober tot Maart.



[Verwerk uit *Huisgenoot*, 6 September 2012]

- 1.1 Oor watter stad kyk jy uit as jy op Tafelberg staan? (1)
- 1.2 Hoeveel NUWE Wonders van die Wêreld is daar? (1)
- 1.3 Waarmee word die plat kruin van die berg vergelyk? (1)
- 1.4 Wat is die hoogste punt op Tafelberg? (1)
- 1.5 Noem EEN van die ander bekende bakens wat 'n mens kan sien as jy bo-op Tafelberg is. (1)
- 1.6 Die wit wolk wat soms oor Tafelberg hang, het ontstaan toe die duiwel en Jan van Hunks 'n pyprook-kompetisie gehou het.
- 1.6.1 Is hierdie stelling 'n FEIT of 'n MENING? (1)
- 1.6.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.6.1 met DRIE OPEENVOLGENDE woorde uit paragraaf 4. (1)
- 1.7 Wanneer het die heel eerste kabelkarretjie begin loop? Skryf die volle datum neer. (1)
- 1.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (1.8) en die letter (A–D) neer.
- Mense wat op Tafelberg gaan stap, moet altyd die volgende onthou:
- A In die somermaande is dit nie so warm op die berg nie.
B Daar mag nie te veel stappers in 'n groep wees nie.
C Die weer kan skielik verander.
D Stappers kan stap net waar hulle wil. (1)
- 1.9 Besoekers mag van die mooi blomme op Tafelberg pluk.
- 1.9.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.9.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.9.1. (1)
- 1.10 1.10.1 Watter diertjies kom die meeste op die berg voor? (1)
- 1.10.2 Hoe weet hierdie diertjies as daar gevaar naby is? (1)
- 1.11 Al die slange wat op Tafelberg voorkom, is giftig.
- 1.11.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.11.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.11.1. (1)
- 1.12 Watter baie skaars diertjie kom op Tafelberg voor? (1)

1.13 Hoeveel maande van die jaar is dit warmer in Kaapstad? (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord uit die raampie hieronder om die sin te voltooi. Skryf slegs die antwoord neer.

kabelkarretjies; natuurskoon; pyprook-kompetisie
--

Mense besoek Tafelberg hoofsaaklik om die ... te bewonder. (1)

1.15 Hoekom, dink jy, is Tafelberg tot 'n Wêrelderfenisgebied verklaar? (1)

1.16 Is jy as Suid-Afrikaner bly oor die feit dat Tafelberg een van die nuwe Wonders van die Wêreld is? Motiveer jou antwoord in jou eie woorde. (1)

TEKS B: INFORMATIEWE TEKS

Lees die informatiewe teks hieronder en beantwoord die vrae.

INHOUD

Uitgawe 81

10 Oktober 2012

Nuus

- 8 VOORBLADSTORIE: Nederigheid is die resep vir Breyton Paulse se sukses
- 10 INSPIRASIE: Afgetrede vrou loop Hawston plat om siekes te help
- 18 INSPIRASIE: Seun verloor been, maar hardloop steeds medaljes los
- 22 INSPIRASIE: Vrou begin suksesvolle besigheid met net R20 in haar beursie
- 58 PROFIEL: Montana se Chantel Stanfield spog met hope talent



Leefstyl

- 24 IN DIE KOMBUIS: Varkvleis op sy lekkerste
- 28 SOETTAND: Vier bladsye vol eetgoed!
- 34 MODE: Dra só jou swart broek
- 40 BYKOMSTIGHEDE: Kies die regte sonbril



Advies

- 42 GESONDHEID: Raad vir allergieë in die lente
- 50 LOOPBAAN: Word 'n mikrobioloog



SKRYF AAN:
Absa-sentrum,
Adderleystraat 4,
Kaapstad, 8000

Tel: 021 443 9890
Faks: 021 443 9915
E-pos: kuier@kuier.co.za

Kuier is ook in elektroniese
formaat beskikbaar!
www.mysubs.co.za

[Verwerk uit *Kuier*, 10 Oktober 2012]

- 1.17 Watter bekende persoon se foto is op die voorblad van hierdie uitgawe van *Kuier*? Skryf hierdie persoon se naam en van neer. (1)
- 1.18 Hoeveel geld het jy nodig om 'n uitgawe van *Kuier* te koop? (1)
- 1.19 Op watter bladsy kan jy van 'n gestremde atleet lees? (1)
- 1.20 Watter vleissoort se resepte kry jy in hierdie uitgawe van *Kuier*? (1)
- 1.21 Haal 'n woord uit die sin oor Chantel Stanfield aan wat vir ons sê dat sy **baie** talentvol is. (1)
- 1.22 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (1.22) en die letter (A–D) neer.
- Wat beteken die vetgedrukte woorde in “Afgetrede vrou **loop Hawston plat** om siekes te help”?
- A Die vrou loop alles voor haar plat om siekes te help.
B Die dorpie, Hawston, lê op 'n plat stuk grond.
C Die vrou het plat skoene aan om gemakliker te loop.
D Die vrou loop oral in die dorpie rond om siekes te help. (1)
- 1.23 Daar is resepte vir koek of lekkers op bladsy 30 van hierdie uitgawe van *Kuier*.
- 1.23.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 1.23.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 1.23.1. (1)
- 1.24 Hoekom, dink jy, word daar in hierdie uitgawe raad teen allergieë in die lente gegee? (1)
- 1.25 Wie, dink jy, kan geïnspireer word deur die storie op bl. 22? (1)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2: KULTUURGROEPE****TEKS C**

- Som die belangrikste kenmerk van elk van die sewe **kultuurgroepe** in EEN sin op.
- Skryf die SEWE sinne PUNTSGEWYS neer.
- Nommer die sinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

1. KHOISAN

Die **Khoisan** bestaan uit verskillende stamme. Vroeër was sommige stamme beesboere en ander het wilde diere gejag en wortels en vrugte bymekaargemaak om te eet. Die Khoisan se rotstekeninge het vir die nageslag bewaar gebly.

2. XHOSAS

Die **Xhosas** woon hoofsaaklik in die oostelike deel van Suid-Afrika. Nelson Mandela is seker die bekendste Xhosa. *Lobola* is 'n belangrike Xhosa-tradisie wat vandag nog gevolg word. Lobola beteken dat 'n man met beeste of geld vir sy bruid kan betaal.

3. ZOELOES

Die **Zoeloës** woon in KwaZulu-Natal. IsiZulu is die grootste huistaal en ook die taal wat die meeste Suid-Afrikaners verstaan. Die Zoeloës maak baie mooi kralewerk wat boodskappe oordra.

4. NDEBELES

Die **Ndebeles** bestaan uit twee groepe, die Noord-Ndebeles en die Suid-Ndebeles. Hulle is kunstige mense. Hulle is veral bekend daarvoor dat hulle hul huise baie mooi versier.

5. SWAZI'S

Die **Swazi's** woon veral naby die grens van Swaziland. Swazi-vroue maak baie mooi tradisionele mandjies uit sisalvesel.

6. SUID-SOTHO'S

Die **Suid-Sotho's** gebruik soms nog perde as vervoermiddel. Musiek speel 'n belangrike rol in hulle lewens. Die Suid-Sotho's word geken aan hul helderkleurige komberse en geweefde strooihoede.

7. TSONGAS

Die **Tsongas** woon hoofsaaklik in Limpopo. Hulle is ook baie lief vir musiek. Die Tsongas is bekend vir hulle myndanse wat op die maat van tromslag en ander instrumente gedans word.

[Verwerk uit *Huisgenoot in die klaskamer: Skooltake*]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**VRAAG 3: WOORDSTRUKTURE****TEKS D: PRENT**

Bestudeer die prent hieronder en beantwoord die vrae.



[Verwerk uit WEG, September 2008]

- Skryf net die vraagnommer (3.1–3.20) en die KORREKTE antwoord neer.
- Al die antwoorde in hierdie vraag moet KORREK gespel word.

3.1 Gee die MANLIKE VORM van die woord tussen hakies.

Gert en Daan is (niggies). (1)

3.2 Gee die korrekte VERKLEININGSVORM van die woord tussen hakies.

Gert en Daan staan by 'n klein (kafee) op die dorp. (1)

3.3 Gee die korrekte VORM VAN DIE WOORD tussen hakies.

Die dorp is vir albei mans 'n (vreemd) plek. (1)

3.4 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.


Daar is nie baie (kat) in die straat nie. (1)

- 3.5 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Die (baie) dorpsmense het klaar inkopies gedoen. (1)
- 3.6 Vorm die korrekte SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.
Daar stap die ou tannie nou net by die (tuin + hekkie) in. (1)
- 3.7 Gee 'n ANTONIEM (*woord met die teenoorgestelde betekenis*) vir die woord tussen hakies.
Die ou tannie stap (vinnig) in die warm son. (1)
- 3.8 Kies die korrekte TUSSENWERPSEL tussen hakies.
(Sjuut!/Hoera!/Sies tog!) Kyk hoe moeilik stap die tannie. (1)
- 3.9 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die woorde tussen hakies.
Gert kyk ongeduldig (aan/bo/op) sy horlosie. (1)
- 3.10 Gee 'n SINONIEM (*woord met dieselfde betekenis*) vir die woord tussen hakies.
Gert wag nou al (byna) 'n uur lank vir Daan. (1)
- 3.11 Gee die korrekte VORM van die woord tussen hakies.
Dit is nie die (een) keer dat Gert so lank vir Daan moet staan en wag nie. (1)
- 3.12 Gee die korrekte TRAP VAN VERGELYKING van die woord tussen hakies.
Daan praat vandag (lank) as gewoonlik op die foon. (1)
- 3.13 Kies die korrekte LIDWOORD tussen hakies.
Om so lank oor die telefoon te praat, is nie (die/'n) regte ding om te doen nie. (1)
- 3.14 Kies die korrekte spelling van die WOORD tussen hakies.
Die twee mans kry warm, want hulle het hulle warm (baaitjies/baadjies) aan. (1)
- 3.15 Kies die korrekte WOORD tussen hakies.
Gert se (bril/brille/glase) is vol sweet. (1)
- 3.16 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Gert moet dringend sy (die mense wat langs hom woon) skakel om hom te kom haal. (1)

- 3.17 Gee die korrekte INTENSIEWE VORM vir die woord tussen hakies.
Daan se motor is (oud) en het gaan staan. (1)
- 3.18 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.
Daan het nie geld om (elke jaar) 'n nuwe motor te koop nie. (1)
- 3.19 Kies die korrekte AFKORTING tussen hakies.
Daan wil gelukkig eers (Don./Do.) teruggaan huis toe. (1)
- 3.20 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD uit die woorde tussen hakies.
Daan wil vandag by (haar/sy/hom) suster gaan kuier. (1)
- [20]

VRAAG 4: SINSTRUKTURE**TEKS E: PRENT**

Kyk na die prent en beantwoord die vrae. **Skryf elke keer die hele sin uit, behalwe by VRAAG 4.6 en VRAAG 4.10.**



[Uit WEG, November 2008]

- 4.1 Skryf die sin oor in die TEENWOORDIGE TYD.
Piet het die emmer gedra. (1)

- 4.2 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.
Hulle het klaar gewerk. Hulle bêre die gereedskap. (daarom) (1)
- 4.3 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sin oor.
Begin só: Koos is besig ... aan die padskraper ... werk. (1)
- 4.4 Vul die KORREKTE VRAAGWOORD in sodat die onderstreepte deel van die sin die antwoord is. Skryf die hele vraagsin uit.
Daar is twee hoenders in die hok.
... hoenders is daar in die hok? (1)
- 4.5 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.
Koos sê: "Ek is amper klaar."
Begin só: Koos sê ... (1)
- 4.6 Kies die korrekte BETEKENIS van die onderstreepte IDIOOM. Skryf net die vraagnommer (4.6) en die letter (A–D) neer.
Koos en Piet gaan slaap saam met die hoenders. Dit beteken hulle ...
A slaap ook in die hoenderhok.
B gaan slaap as die hoenders gaan slaap.
C gaan slaap vroeg in die aand.
D slaapplek is langs die hoenderhok. (1)
- 4.7 RANGSKIK die groepe woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor.
Die mans sit (om die kampvuurtjie) (saans) (doodmoeg) en gesels.
Begin só: Die mans sit ... (1)
- 4.8 Vul die ontbrekende woorde in die LYDENDE VORM van die volgende sin in.
Koos het die padskraper herstel.
Skryf die hele sin uit en begin só: Die padskraper ... deur Koos ... (1)
- 4.9 Skryf die sin oor en begin met die VETGEDRUKTE woord.
Piet dra 'n kortbroek, **omdat** dit so warm is.
Begin só: Omdat ... (1)

- 4.10 Watter SPREEKWOORD pas die beste by die prentjie op bl. 11?
Skryf net die vraagnommer (4.10) en die letter (A–D) neer.

Saans is die padwerkers se **blus uit**, want hulle is ...

- A opgewonde oor die naweek.
- B tevrede met hulle werk.
- C baie kwaad vir mekaar.
- D moeg van die harde werk.

(1)

- 4.11 VERBIND die sinne met die woord tussen hakies.

Daar is 'n klip op die hoenderhok. Die hoenders kan binne bly. (sodat)

(1)

- 4.12 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Die woonwa se venster is oop.

(1)

- 4.13 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

Piet sluit die bakkie se deure.

Begin só: Die bakkie se deure ...

(1)

- 4.14 Skryf die sin oor in die DIREKTE REDE.

Piet sê dat hy honger is.

Begin só: Piet sê: ...

(2)

- 4.15 Skryf die sin oor in die VERLEDE TYD.

Koos werk met 'n swaar yster.

(2)

- 4.16 Skryf die sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Hulle gooi vars water in die watertenk.

(2)

- 4.17 Skryf die sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die besem is in die kruit.

(2)

- 4.18 Beantwoord die vraag in die ONTKENNENDE VORM.

Slaap die hoenders al?

Begin só: Nee, ...

(2)

- 4.19 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Piet vra vir Koos: "Is dit jou hoed?"

Begin só: Piet vra vir Koos ...

(2)

[25]

VRAAG 5: REDIGERING**TEKS F**

Jou vriend het 'n artikel vir julle skoolkoerant geskryf om ander leerders te inspireer om te oefen. Hy het vir jou gevra om die artikel deur te lees en die foute wat onderstreep is, reg te maak.

Oefening is GOED vir jou!			
1	<u>Dit is nie maklik om 'n tiener te wees.</u>		
2	<u>Is jou kop nie ook soms vol negatiewe gedagtes en emosies nie</u>		
3	Oefening is een manier om <u>sleg</u> dinge wat met jou gebeur, te hanteer en ook		
4	deur negatiewe gevoelens te werk.		
5	Terwyl jy oefen, skei jou <u>liggam</u> hormone af.		
6	<u>dit laat jou op 'n natuurlike manier goed voel.</u>		
7	Wanneer jy fisies goed voel, sal jy ook geestelik <u>voel beter</u> . Oefening maak		
8	jou gesonder en sterker. Dit help ook om jou gesonder te hou <u>as</u> jy ouer word.		
9	Omdat dit vir tieners baie belangrik is om sosiaal te verkeer en <u>tyt</u> saam met		
10	vriende deur te bring, bied deelname aan sport <u>jy</u> die kans		
11	om te sosialiseer en <u>nuut</u> mense te ontmoet.		
[Verwerk uit <i>New Africa</i> , LO, bl. 27, 84]			


- 5.1 Verbeter die **ontkenningsfout** in reël 1. Skryf die hele sin oor. (1)
 - 5.2 Skryf reël 2 oor en vul die **leesteken** in wat uitgelaat is. (1)
 - 5.3 Verbeter die onderstreepte **woord** in reël 3. (1)
 - 5.4 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 5. (1)
 - 5.5 Skryf die woord in reël 6 neer wat met 'n **hoofletter** moet begin. (1)
 - 5.6 Skryf die onderstreepte gedeelte in reël 7 oor en verbeter die **woordorde**. (1)
 - 5.7 Vervang as in reël 8 met die **korrekte woord**. (1)
 - 5.8 Verbeter die **spelling** van die onderstreepte woord in reël 9. (1)
 - 5.9 Vervang jy in reël 10 met die korrekte **voornaamwoord**. (1)
 - 5.10 Verbeter die onderstreepte **woord** in reël 11. (1)
- [10]**

VRAAG 6: KRITIESE TAALBEWUSTHEID EN INTERPRETASIE VAN TEKSTE**TEKS G: PRENTE (IN VRAAG 6.1 TOT 6.5)**

Kyk na die prente hieronder en beantwoord die vrae.

- Kies die antwoord om by elke situasie te pas.
- Skryf net die vraagnommer en die letter (A–D) neer.

6.1



[Uit: ClipArt]


Die bestuurskool se instrukteur is **onsensitief** teenoor die jongman wat baie bang is om die motor te bestuur.

Kies die sin wat aandui hoe **onsensitief** die instrukteur is.

- A "Ontspan, ek is seker jy kan baie goed bestuur."
- B "Dis nie so erg nie, al sukkel jy om te bestuur."
- C "Ek kan sien jy is bang, maar laat ons begin."
- D "Jy kan nie bestuur nie; jy gaan net my tyd mors."

(1)

6.2



[Uit: Google Images]

Die groepleier probeer almal **motiveer** om saam te werk aan hulle projek.

Kies die sin wat die beste aandui hoe die groepleier almal **motiveer**.

- A "Julle weet wat om te doen, gaan doen julle werk!"
- B "Werk hard, want dan sal ek nie met julle baklei nie."
- C "Ons is 'n wenspan; dus weet ek ons gaan sukses behaal."
- D "Dié projek is vir my belangrik; daarom moet julle hard werk."

(1)

6.3



[Uit: Google Images]

Willem het lelik met Maria gepraat. Sarel is baie **kwaad** vir Willem, omdat hy so lelik gepraat het.

Kies die sin wat die beste aandui hoe **kwaad** Sarel is.

- A “’n Mens praat nie so lelik met ’n meisie nie.”
- B “Jou skobbejak, jy praat nooit weer so lelik met Maria nie!”
- C “Maria is hartseer omdat jy so lelik met haar gepraat het.”
- D “Ek dink jy behoort vir Maria om verskoning te vra!”

(1)

6.4



[Uit: Google Images]

Die man het te vinnig gery en probeer die regter **manipuleer** om nie vir hom ’n boete te gee nie.

Kies die sin wat die man kan gebruik om die regter te **manipuleer** om nie vir hom ’n boete te gee nie.

- A “Ek sal nie betaal nie, so jy kan ophou om my tyd te mors!”
- B “Asseblief Meneer, moet my nie ’n boete gee nie.”
- C “Gee die boete dat ek kan loop!”
- D “As u ’n goeie hart het, sal u my hierdie keer verskoon.”

(1)

6.5



[Verwerk uit Google Images]

Die ou man het groot geskrik vir die seun wat vinnig op sy skaatsplank by hom verbygejaag het.

Kies die sin wat die beste aandui hoe die ou man tieners **stereotipeer**.

- A "Hiert, hoe skrik ek nou vir die ongeskikte seun!"
- B "Ag nee, tieners behoort versigtiger te ry!"
- C "Hierdie kind se ma het hom geen maniere geleer nie."
- D "Die tieners van vandag is almal sonder maniere."

(1)
[5]

TOTAAL AFDELING C: 60

AFDELING D: LETTERKUNDE**KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**
OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

Hierdie afdeling bestaan uit VIER vrae.

Beantwoord EEN vraag uit *KINDERS VAN DIE AARDE*.

OF

Beantwoord EEN vraag uit *OM LAASTE TE KAN LAG*.

KINDERS VAN DIE AARDE – Charles Fryer**VRAAG 7: ROOIKOOS WILLEMSE IS SOEK – Abraham H de Vries**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Rooikoos Willemse dié had ook so 'n swak puntjie. Haai, en hy was so 'n goeie man as hy nugter was, maar nugter was hy bloedmin vóór daardie Saterdag waarop die storie begin.

Hoekom hy aan die drink geraak het, het g'n mens geweet nie, miskien omdat g'n mens dit gemerk het voordat dit al taamlik ver boom se kant toe gestaan het met hom nie. Maar ewentwil, toe Barrydale se eerste span daardie Saterdag op my dorp kom speel ...

- 7.1 Wat was Rooikoos se swak puntjie? (1)
- 7.2 Gee EEN rede waarom die mense die hoofkarakter Rooikoos genoem het. (1)
- 7.3 Rooikoos Willemse het in die hotel gewoon omdat hy 'n baie ryk man was.
- 7.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 7.3.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 7.3.1. (1)
- 7.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (7.4) en die letter (A–D) neer.
Die “eerste span” in die aanhaling verwys na 'n ...
- A sokkerspan.
B krieketspan.
C rugbyspan.
D basketbalspan. (1)
- 7.5 Hou jy van die hoteleienaar waar Rooikoos gebly het?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

- 7.6 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die karakter(s) in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (7.6.1–7.6.4) en die letter (A–E) neer, bv. 7.6.5 F.

KOLOM A	KOLOM B
7.6.1 Barrydale se span	A ... het met 'n bulkstem geskree tydens die wedstryd.
7.6.2 Die dorpspan	B ... het geen kans gehad om die wedstryd te wen nie.
7.6.3 Die toeskouers	C ... was die gunsteling om die wedstryd te wen.
7.6.4 Izak Bruwer	D ... het teleurgesteld gaan sit en aan 'n grassie gekou.
	E ... het gegil en geskree tydens die wedstryd.

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

En daar was nie 'n man wat meer drankies gekry het ook nie. Want hy't mos nou my dorp gehelp dat ons nie verloor teen daardie bulspannetjie van Barrydale nie.
Maar – dit het ek al gesê – Rooikoos het sy maat nie meer geken nie. Hulle sê hy't nog so gesit daar onder die almanak, toe slaan hy reg agteroor, bo van die stoeltjie af, so uit soos 'n kers, so dronk soos 'n vark wat parsdoppe gevreet het.

- 7.7 Waarom het die mense so baie drankies vir Rooikoos gekoop? (1)

- 7.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (7.8) en die letter (A–D) neer.

“so uit soos 'n kers” is 'n voorbeeld van ...

- A personifikasie.
- B 'n vergelyking.
- C 'n metafoor.
- D kontras. (1)

- 7.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf slegs die vraagnommer (7.9) en die letters (A–D) neer.

- A Die kelner het vir Rooikoos koffie gebring.
- B Die Barrydalers het Rooikoos se baard afgeskeer en sy kop swart gesmeer.
- C Die Barrydalers het Rooikoos Barrydale toe gevat.
- D Rooikoos het in 'n vreemde kamer wakker geword. (4)

- 7.10 Met wie het Rooikoos die volgende oggend oor die foon gepraat? (1)

- 7.11 Hoekom kan ons sê dat die Barrydalers tog vir Rooikoos omgee het? (1)
- 7.12 Sou Barrydale se span gewen het as Rooikoos nie op die loskakel geskree het nie?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.
- Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat ...
- A 'n mens nie op ander mense mag skree nie.
 - B sport nie net oor wen gaan nie, maar ook oor deelname.
 - C daar altyd gevolge is vir die dinge wat 'n mens doen.
 - D mense altyd met respek teenoor mekaar moet optree.

(1)
[20]

OF

VRAAG 8: DIE OOREENKOMS – Dalene Matthee

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Nie dat hulle nie gou geleer het om sommige van die reëls van die Bestuur met 'n bietjie insig te vertolk nie, byvoorbeeld die reël dat alkohol alleen vir medisinale doeleindes in kamers gehou mag word. Goed en reg. Daarom het Jakob en Willem elke aand, stiptelik om halfses, die kamerdeur gesluit en hul medisyne gedrink.

- 8.1 Watter medisyne het Jakob en Willem in hulle kamer gedrink? (1)
- 8.2 Wat was die naam van die ouetehuis waar die twee vriende gewoon het? (1)
- 8.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (8.3) en die letter (A–D) neer.
- Jakob en Willem het 'n ooreenkoms aangegaan nadat ...
- A hulle 'n potjie vingerbord gespeel het.
 - B een van die ouetehuis se oudste inwoners oorlede is.
 - C hulle laat een aand 'n program op televisie gekyk het.
 - D een van die inwoners vir hulle 'n spookstorie vertel het.

(1)

- 8.4 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die karakter(s) in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (8.4.1–8.4.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.4.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
8.4.1	Matrone	A	... het probeer troos bring na Willem se dood.
8.4.2	Jakob	B	... kon dalk inligting oor die ooreenkoms laat uitlek.
8.4.3	Die inwoners van die ouetehuis	C	... het kom sê van die waglys vir Willem se bed.
8.4.4	Andries	D	... het vir Jakob koekies en beskuit aangedra.
		E	... het nog 'n motor gehad.

(4 x 1) (4)

- 8.5 Die ooreenkoms tussen Jakob en Willem was dat as een van hulle sou sterf, **die ander een sou trou**.

8.5.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.5.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.5.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Was daar nie nou iets by Willem se kas nie? Koue rillings slaan soos branders oor hom, die een is nog nie mooi verby nie, dan kom die volgende een al weer. Hy kan sweer daar was iets by Willem se kas ...
 “Liewe Here, vergewe my my sondes en sterk my teen die kwade.
 Sterk my in hierdie nag en bewaar my onder u vlerke ...”
 Hoe voel dit dan nou ál daar sit iemand op die voetenent ... So wragtig, hy maak nie sy oë oop nie.

8.6 Wie het vir Jakob vertel dat Willem dood is? (1)

8.7 Noem EEN ding wat Jakob gedoen het omdat hy bang was dat Willem sou kom spook. (1)

8.8 Kies die KORREKTE antwoord.
 Skryf slegs die vraagnommer (8.8) en die letter (A–D) neer.

“**Koue rillings slaan soos branders** oor hom,” is 'n voorbeeld van ...

- A personifikasie.
 - B 'n vergelyking.
 - C 'n metafoor.
 - D kontras.
- (1)

- 8.9 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie. Skryf slegs die vraagnommer (8.9) en die letters (A–D) neer.
- A Die horlosie het halfses geslaan en toe draai die prop gewoonweg los.
 - B Jakob het hard probeer om die bottel oop te kry, maar kon dit nie oopdraai nie.
 - C 'n Maand na Willem se dood, het hy nog nie die teken kom gee nie.
 - D Een middag om vyfuur, het Jakob die deur gesluit en die bottel uitgehaal.
- (4)
- 8.10 Hoekom, dink jy, het die bottel presies om halfses oopgedraai? (1)
- 8.11 Dink jy dat dit goed sou gewees het om vir Jakob 'n kamermaat te gee so kort na Willem se dood?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.12 Voel jy jammer vir Jakob?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 8.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (8.13) en die letter (A–D) neer.
Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat 'n mens ...
- A jou besittings met ander moet deel.
 - B nie na spookstories moet luister nie.
 - C die reëls van jou blyplek moet gehoorsaam.
 - D moet doen wat jy gesê het jy sal doen.
- (1)
[20]

OF

OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker

VRAAG 9: OPGANG – Ina Rousseau

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Gister het hy dit van Welgemoed en Seun af gebring en nou staan dit op 'n tafeltjie in die sitkamer en blink in die groen oggendlig wat deur die toegetrekte gordyne syfer. "Kyk wat het ek hier!" het hy uitgeroep toe hy teen sonder by die huis aankom. Op die kombuistafel het hy die kis neergesit, amper in 'n poel koffie wat Hannelie in haar verstomming uitgestort het. "Wie s'n is dit, Lukas?" het sy gevra, haar swart ogies smal van nuuskierigheid in haar maer gesig.

- 9.1 Wie was Lukas in die kortverhaal? (1)
- 9.2 Wat was in die kis wat hy op die kombuistafel neergesit het? (1)

- 9.3 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (9.3) en die letter (A–D) neer.

Hannetjie was baie bly oor die geskenk wat Lukas gebring het, want ...

- A sy sou toe meer klere as die ander vrouens kon maak.
 - B toe het sy nie meer Lot se hulp nodig gehad nie.
 - C hulle moes nie vir die geskenk betaal nie.
 - D haar kinders sou ook daarmee kon werk.
- (1)

- 9.4 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf slegs die vraagnommer (9.4) en die letters (A–D) neer.

- A Lot het onverwags by Hannetjie se huis aangekom.
 - B Hannetjie het Lot toegelaat om haar masjien te gebruik.
 - C Meisie en Drien het na Hannetjie se nuwe masjien kom kyk.
 - D Lot het gevra of sy 'n paar nate kon stik.
- (4)

- 9.5 Kies elke keer die aanhaling uit KOLOM B om by die karakter(s) in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (9.5.1–9.5.4) en die letter (A–E) neer, bv. 9.5.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
9.5.1	Lukas	A	“Pragtig-pragtig-pragtig! En somer stinknuut!”
9.5.2	Drien	B	“As hy dit eerder gedoen het, het ek nie vandag met 'n vernielde voetjie gesit nie.”
9.5.3	Meisie	C	“Dis nou wat ek 'n uitblinkermasjien noem ...”
9.5.4	Lot	D	“Jy weet ek wou nog altydmaartjies vir jou ene koop.”
		E	“Nou ja goed, kom stik dan tog ...”

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Hannetjie voel skielik sy wil tjank van geluk. In haar oogholtes voel sy die nattigheid opstoot, sodat sy haar ooglede 'n paar keer vinnig moet oop- en toeknip. Sy kan die masjien somer opvreet, haar arms om sy nekkie slaan en hom teen haar vasdruk, so dol is sy oor hom, ...

- 9.6 Waar het Hannetjie se masjien gestaan toe die vrouens daarna kom kyk het? (1)
- 9.7 Noem EEN rede waarom die ander vrouens so opgewonde was oor Hannetjie se nuwe masjien. (1)

- 9.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (9.8) en die letter (A–D) neer.
- “ ... haar arms om **sy nekkie** slaan en hom teen haar vasdruk ...” is ’n voorbeeld van ...
- A personifikasie.
 - B ’n vergelyking.
 - C ’n metafoor.
 - D kontras. (1)
- 9.9 Dink jy dat dit toe vir Hanneltjie makliker was om klere te maak?
Antwoord JA of NEE en gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 9.10 Lot is Hanneltjie se skoonma.
- 9.10.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 9.10.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 9.10.1. (1)
- 9.11 Hoekom het Hanneltjie toestemming gegee dat Lot haar nuwe masjien kon gebruik? (1)
- 9.12 Hou jy van Lot?
Antwoord JA of NEE en gee ’n rede vir jou antwoord. (1)
- 9.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (9.13) en die letter (A–D) neer.
Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat ...
- A jou besittings nie van jou ’n beter mens maak nie.
 - B ’n man vir sy vrou moet koop wat sy nodig het.
 - C mense soms jaloers en katterig teenoor mekaar is.
 - D ander mense jou besittings mag gebruik. (1)
- [20]

OF**VRAAG 10: OM LAASTE TE KAN LAG – Pirow Bekker**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Daar was ’n storie wat niemand my destyds wou vertel nie. Ek moes dus aflei dis nie ’n storie vir kinders nie. Maar ’n woord hier en ’n woord daar het my laat glo die storie het te make met een van oom Apie se jeugliefdes. Miskien het sy hom lelik in die steek gelaat; miskien hy vir haar. Ek weet nie.

Ten tweede het oom Apie selde gewerk.

Vriende had hy baie. Almal in die kontrei het hom geken en by almal was hy welkom.

- 10.1 Waar het oom Apie soms gewerk? (1)
- 10.2 Oom Apie het met 'n skatryk vrou getrou toe hy jonk was.
- 10.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)
- 10.2.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 10.2.1. (1)
- 10.3 Gee EEN rede waarom oom Apie se vriende bly was as hy 'n ruk lank by hulle gebly het. (1)
- 10.4 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (10.4) en die letter (A–D) neer.
- Die kinders het baie van oom Apie gehou, want hy het ...
- A vir hulle mooi stories vertel.
B gereeld vir hulle lekkers gebring.
C saam met hulle geswem.
D saam met hulle gaan stap. (1)
- 10.5 Kies elke keer die antwoord uit KOLOM B om by die karakter(s) in KOLOM A te pas. Skryf slegs die vraagnommer (10.5.1–10.5.4) en die letter (A–E) neer, bv. 10.5.5 F.

KOLOM A		KOLOM B	
10.5.1	Die skatryk boer	A	... het vir oom Apie raad gegee.
10.5.2	Die verteller	B	... het altyd 'n kans gesoek om iemand 'n poets te bak.
10.5.3	Pa en Ma	C	... het saam met oom Apie in die buitekamer geslaap.
10.5.4	Die familie	D	... was met oom Apie se jeugliefde getroud.
		E	... was pligsgetrou en het hard gewerk.

(4 x 1) (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Waar hy sy klere vandaan gekry het, weet niemand regtig nie. Want hy was altyd skoon aangetrek, sy knope was almal daar, sy sokkies was gestop en sy stewels was blink.

Ek glo nie oom Apie was 'n engeltjie nie.

- 10.6 10.6.1 Wie het oom Apie se klere versorg? (1)
- 10.6.2 Wat het oom Apie alles vir hierdie persoon vertel? (1)
- 10.7 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer (10.7) en die letter (A–D) neer.
- “... oom Apie was (nie) 'n engeltjie nie” is 'n voorbeeld van ...
- A persoonifikasie.
 B 'n vergelyking.
 C 'n metafoor.
 D kontras. (1)
- 10.8 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf slegs die vraagnommer (10.8) en die letters (A–D) neer.
- A Oom Apie wou glad nie trou nie en het advies gaan vra.
 B Oom Apie se jeugliefde wou met hom trou.
 C Oom Apie is in sy slaap oorlede sonder om te trou.
 D Oom Apie se jeugliefde se man het gesterf. (4)
- 10.9 Sou die lewe vir oom Apie makliker gewees het as hy wel met sy jeugliefde getrou het?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 10.10 Hou jy van oom Apie?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- 10.11 Hoekom, dink jy, was oom Apie se begrafnis een van die grootstes in die kontrei? (1)
- 10.12 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) neer.
- Die boodskap van hierdie kortverhaal is dat 'n mens ...
- A lekker lag as jy iemand anders 'n poets gebak het.
 B na die goeie raad wat ander vir jou gee, moet luister.
 C gewoonlik tevrede is as dinge eindig soos jy dit wil hê.
 D altyd vriendelik met ander mense moet wees. (1)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 120